



Christelike Lektuurfonds se 60-jaar genadepad *Van traktaatjies tot pamflette*



Die gebruik van traktaatjies as godsdienstige instrument en evangelisasiemiddel dateer baie eeue terug, selfs tot voor die boekdrukkuns ontwikkel het. John Wycliffe het reeds in die 14de eeuse Engeland sy leerstellinge deur traktaatjies versprei. Dwaarsdeur die onstuimige jare van die Reformasie is daar baie van traktate gebruik gemaak om nuwe idees te versprei – mens sou dit die sosiale media van daardie tyd kon noem, met baie groot impak op die gebeure van daardie tyd.

Watter rol speel CLF pamflette in die vandag se tyd met moderne tegnologie?

Sestig jaar gelede se vaal koerantpapiertraktaatjies het plek gemaak vir kleurvolle pamflette met baie aktuele onderwerpe wat uitnoui tot geloof, wat geloof bou, wat lewenswaardes en -vaardighede help vestig, wat inligting gee oor die maatskaplike vraagstukke van ons tyd en wat troos en hoop bring. Daar word jaarliks steeds meer as 'n miljoen pamflette in 20 tale versprei!

CLF beweeg egter ook saam met tegnologie en stel hierdie pamflette as 'n toep beskikbaar wat deur enige persoon wat 'n slimfoon het afgelaai kan word. Tog is daar ten opsigte van tegnologie ook beperkings en in armer gemeenskappe is daar nie altyd lugtyd en slimfone beskikbaar nie - daarom word die gedrukte lektuur nog steeds met groot vrug gebruik in uitreikaksies.

Gedink jy is nie die tipe persoon wat op straathoeke traktaatjies staan en uitdeel nie? Net 'n paar idees wat jou dalk vernuwend kan laat dink:

- Seën jou huishulp met pamflette in haar moedertaal, waarmee sy die Evangelie in haar gemeenskap kan uitdra en mense ook kan bemagtig om positiewe besluite te neem.
- Besit jy dalk 'n besigheid soos bv 'n vulstasie waar vragmotors of baie toeriste stop? Bestel 'n verskeidenheid pamflette en plaas dit by die kleedkamers. Dit mag dalk net iemand se lewe red. Of vind uit by jou dokter of haarkapper of jy van CLF se pamflette in hul spreekkamer of salon kan plaas.

- Ken jy iemand wat deur 'n erge trauma worstel of die dood van 'n geliefde moet verwerk en jy wil help, maar het nie die regte woorde om te troos? Pamfletonderwerpe wat hartseer soos verkragting, werkloosheid, rouproses, mishandeling, depressie, trauma en vele meer aanspreek kan jou help om die heelwordpad saam met 'n gebroke mens te loop.
- Voel jy moedeloos en hartseer oor swak rasseverhoudings in ons land en wonder jy wat jy kan doen om brue te help bou? Vind uit wat die moedertaal is van die persoon wat jou by die kasregister of by die vulstasie bedien en neem volgende keer 'n pamflet of 2 vir hulle saam. In Madiba se woorde: "Praat met iemand in 'n taal wat hy verstaan en jy praat met sy kop, maar praat met iemand in sy moedertaal en jy praat met sy hart.
- Is jy iemand wat elke keer jou hart vashou en skuldig voel oor die bedelaar wat met pleitende oë deur jou motorvenster staar? "Hoe gemaak met die mense op straat" kan jou bemaagtig om op die regte en volhoubare manier na hierdie randfigure uit te reik.

Vir meer inligting of bestellings van pamflette besoek gerus ons webtuiste by www.clf.co.za of skakel 021 873 6964 of stuur e-pos na info@clf.co.za